



TERBUTREX 500 SC

Reg. no. L7386 Act/Wet 36 of/van 1947

A selective pre-emergence suspension concentrate herbicide for the control of broad leaf weeds in irrigated groundnuts and peas in the summer rainfall area. 'n Selektiewe vooropkom suspensie konsentraat onkruidodder vir die heheer van breëblaaronkruid in besproeide erte en grondbone in die somerreënvalgebied.

HRAC HERBICIDE GROUP CODE 5 HRAC ONKRUIDDODER GROEPKODE

ACTIVE INGREDIENT/AKTIEWE BESTANDDEEL

Terbutryn (triazine)..... 500 g/LTerbutrien (triasien)

NET VOLUME/NETTO VOLUME

..... L

REGISTRATION HOLDER/REGISTRASIEHOUER

ADAMA South Africa (Pty.) Ltd.
Reg. no. 1992/001741/07
Ground Floor, Simeka House
The Vineyards Office Estate,
99 Jip de Jager Drive
Bellville, 7530
T: +27 21 982 1460
infocpt@adama.com

TERBUTREX is a trademark of a company of the ADAMA GROUP.
TERBUTREX is 'n handelsmerk van 'n maatskappy van die ADAMA GROEP.

CONTACT IN EMERGENCY/KONTAK IN NOOD

Griffon Poison Information Centre: +27 82 446 8946
Tygerberg Poison Information Centre: +27 861 555 777

Batch number
Date of Manufacture

Lotnommer
Datum van Vervaardiging

UN no.: 3082





WARNINGS

- Harmful if swallowed.
- Store in a cool, dry place away from food and feedstuffs.
- Toxic to fish.
- Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
- Aerial application: Notify all inhabitants of the immediate area to be sprayed and issue the necessary warnings. Do not spray over or allow drift to contaminate adjacent areas or water.

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions, quality of the dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of weeds against the remedy concerned as well as by the method time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, and the environment or harm to man or animal or for lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow label instructions or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.

Precautions

- Do not inhale spray mist.
- Avoid skin contact. Wash with water and soap after accidental skin contact.
- Wash hands and face and contaminated clothing after use with soap and water.
- Do not eat, drink or smoke when mixing or applying this product or before hands and face are washed.
- Prevent spray to drift to other crops, pastures, rivers, dams or boreholes.
- Invert the empty container over the spray or mixing tank and allow to drain for at least 30 seconds after the flow has slowed down to a drip. Thereafter rinse the empty container at least three times with a volume of water equal to at least 10 % of that of the container. Add the rinsing to the spray tank.
- Destroy the empty container by perforation and flattening it. Do not use the empty container for any other purpose.
- Clean the applicator thoroughly after use with water. Dispose of the rinsate where it will not contaminate crops, pastures, rivers, dams or boreholes.
- Prevent the contamination of food, feedstuffs, drinking water and eating utensils.

Resistance Warning

For resistance management **TERBUTREX 500 SC** is a group code 5 herbicide. Any weed population may contain individuals resistant to **TERBUTREX 500 SC** and other group code 5 herbicides. The resistant individuals can eventually dominate the weed population if these herbicides



ADAMA

Listen · Learn · Deliver

are used repeatedly. These resistant weeds may not be controlled by **TERBUTREX 500 SC** or any other group code 5 herbicides. To delay herbicide resistance:

- Avoid exclusive repeated use of herbicides from the same herbicide group code. Alternate or tank mix with products from different herbicide codes.
- Integrate control methods (chemical, cultural and biological) into weed control programs.
- For specific information on resistance contact your local distributor.

DIRECTIONS FOR USE:

Use only as directed.

Use Restrictions

- **TERBUTREX 500 SC** is not recommended on gravelly soils as excessive leaching may occur on these soils which might lead to crop damage.
- A waiting period of three months must be observed after a **TERBUTREX 500 SC** application before a susceptible crop is planted.
- Crop seed should be planted at least 50 mm deep on soils with a clay content of less than 20 % clay and 30 mm deep on heavier soils.
- If **TERBUTREX 500 SC** is used in a tank mixture with TYLLANEX[®] 500 SC or any other herbicide, the use restrictions of the other herbicide must be observed.

Compatibility

The compatibility of **TERBUTREX 500 SC** with other products can be influenced by the formulation of those products and the quality of the water. As the formulations of products can change without the previous knowledge of ADAMA South Africa (Pty) Ltd. and the water quality can vary from farm to farm it is advisable to do a physical compatibility test before application takes place. **TERBUTREX 500 SC** is compatible with METOLACHLOR[®] 960 EC and TYLLANEX[®] 500 SC.

Mixing Instructions

Fill the spray tank half with water. Add the required volume of **TERBUTREX 500 SC** while the mixture is agitated. Fill the tank with water to the desired volume while continuously agitating. Continuous agitation is important during mixing and application. The spray mixture must be sprayed out the same day and not allowed to stand overnight. When **TERBUTREX 500 SC** is tank mixed with other products, first mix these products separately with water before it is added to the spray tank.

APPLICATION

General

TERBUTREX 500 SC must be applied preferably at planting but not later than 3 days after planting on a weed free, fine even and firm seedbed. Application must be followed by a light irrigation (10–20 mm) or continuous rain to leach the herbicide in the soil. Should a crust form on the soil surface it can be broken up by a light cultivation with a rotary hoe.

Ground Application



Listen · Learn · Deliver

TERBUTREX 500 SC can be applied by any medium or high volume sprayer provided it is calibrated correctly and is equipped with an efficient agitation system. The sprayer should be fitted with flat fan nozzles which are able to distribute the spray mixture evenly over the target area. It is recommended to apply the recommended rate of **TERBUTREX 500 SC** in 200 ℓ water/ha.

Aerial Application

Aerial application of **TERBUTREX 500 SC** may only be done by a registered Aerial Application Operator using a correctly calibrated, registered aircraft according to the instructions of SANS 10118 (The aerial application of pesticides). Ensure that the spray mixture is distributed evenly over the target area and that the loss of spray material during application is restricted to a minimum. It is therefore essential that the following criteria be met:

- **Volume:** A spray mixture volume of at least 30 ℓ/ha is recommended. As this product has not been evaluated at a reduced volume rate, the registration holder cannot be held responsible for any adverse effects if this product is applied aerially at a lower volume rate than recommended above.
- **Droplet coverage:** 30-40 droplets/cm² must be recovered at the target area.
- **Droplet size:** A droplet spectrum with a VMD of 350-400 microns is recommended. Limit the production of fine droplets less than 150 micron to a minimum.
- **Flying height:** Maintain the height of the spray boom at 3–4 metre above the target. Do not spray when aircraft dives, is in a climb or when banking.
- Use suitable atomizing equipment that will produce the desired droplet size and coverage, but which will ensure minimum loss of the product. The spraying system must produce a droplet spectrum with the lowest possible Relative Span.
- Position all the atomizers within the inner 60–75 % of the wingspan to prevent droplets from entering the wingtip vortices.
- The difference in temperature between the wet and dry bulb thermometers of a whirling hygrometer, should not exceed 8 °C.
- Stop spraying if the wind speed exceeds 15 km/h.
- Stop spraying under turbulent, unstable and dry conditions during the heat of the day.
- Spraying under temperature inversion conditions (spraying in or above inversion layer) and/or high humidity conditions (relative humidity 80 % or more) may lead to the following:
 - a) Reduce efficacy due to suspension and evaporation of small droplets in the air (inadequate coverage of target).
 - b) Damage to other sensitive crops and/or non-target areas through drifting of the suspended spray cloud away from the target.
- Ensure that the Aerial Spray Operator knows exactly which fields to spray.
- Obtain an assurance from the Aerial Spray Operator that the above requirements will be met and that relevant data will be compiled in a logbook and kept for future reference.

APPLICATION RATES

Groundnuts

To be used only in combination with METOLACHLOR® 960 EC.

SOIL CLAY %	TERBUTREX 500 SC ℓ/ha	METOLACHLOR® 960 ℓ/ha
0–10	2,0	1,5
11–20	2,5	1,5



ADAMA

Listen - Learn - Deliver

21-30	3,0	1,5
31-40	4,0	1,5

Peas

SOIL CLAY %	TERBUTREX 500 SC ℓ/ha
0-10	2,0
11-20	2,5
21-30	3,0
31-40	4,0

TERBUTREX 500 SC and **TYLLANEX® 500 SC** can also be applied in a tank mixture immediately after planting. Consult the **TYLLANEX® 500 SC** label for the applicable **TERBUTREX 500 SC** and **TYLLANEX® 500 SC** dosage rates. The **TERBUTREX 500 SC** or the **TERBUTREX 500 SC** and **TYLLANEX® 500 SC** tank mixture application can be followed by a post-emergence **PROMETREX® 500 SC** application when weeds are in the true 2-4 leaf stage, but not later than the true 6-leaf stage of the peas.

WEEDS CONTROLLED

The following weeds are normally controlled by **TERBUTREX® 500 SC**:

Botanical Name	Common Name
<i>Acanthospermum australe</i> *	eight-seeded prostrate starbur
<i>Acanthospermum glabratum</i> *	five-seeded prostrate starbur
<i>Amaranthus hybridus</i>	common pigweed
<i>Amaranthus spinosus</i>	thorny pigweed
<i>Amaranthus thunbergii</i>	red pigweed
<i>Argemone ochroleuca</i>	mexican poppy
<i>Chenopodium album</i>	white goosefoot
<i>Chenopodium carinatum</i> *	green goosefoot
<i>Cleome monophylla</i>	spindlepod
<i>Datura ferox</i> *	large thorn apple
<i>Emex australis</i> **	spiny Emex
<i>Fallopia convolvulus</i>	climbing knotweed
<i>Flaveria bidentis</i>	smelters bush
<i>Fumaria muralis</i> **	fumitory
<i>Galinsoga parviflora</i>	gallant soldier



ADAMA

Listen · Learn · Deliver
apple of Peru

<i>Nicandra physaloides</i> *	apple of Peru
<i>Polygonum aviculare</i>	prostrate knotweed
<i>Portulaca oleracea</i>	purslane
<i>Tagetes minuta</i> *	khaki weed
<i>Schkuhria pinnata</i>	dwarf marigold
<i>Sonchus oleraceus</i>	sow thistle
<i>Solanum nigrum</i> *	black nightshade
<i>Spergula arvensis</i> **	corn spurry
<i>Stellaria media</i> **	chickweed

* These weeds will only be controlled if **TERBUTREX 500 SC** is used in a tank mix with METOLACHLOR® 960 EC. *Datura ferox*, *Schkuhria pinnata* and *Tagetes minuta* might not always be controlled very well by **TERBUTREX® 500 SC**. When METOLACHLOR® 960 EC is used in combination with **TERBUTREX 500 SC** the weeds that appear on the METOLACHLOR® 960 EC label will also be controlled by the tank mix.

** These weeds will only be controlled if **TERBUTREX 500 SC** is used in a tank mix with TYLLANEX® 500 SC.

PROMETREX® 500 SC and TYLLANEX® 500 SC is the registered trade mark of ADAMA, Israel.

WAARSKUWINGS

- Skadelik indien ingesluk.
- Berg in 'n koel, droë plek weg van voedsel en voer.
- Giftig vir visse.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Lugtoediening: Stel alle inwoners in die onmiddellike gebied wat bespuit gaan word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit. Moet nie spuit oor, of toelaat dat die spuitnewel oor aanliggende gebiede of water dryf nie.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en die effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die onkruid teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

Voorsorgmaatreëls

- Moet nie die spuitnewel inasem nie.
- Vermyn kontak met die vel. Was met water en seep indien vel per ongeluk besoedel raak.
- Was hande en gesig en besoedelde klere na gebruik met seep en water.
- Moet nie eet, drink of rook gedurende vermenging of toediening of voordat hande en gesig gewas is nie.
- Verhoed dat die spuitnewel oorwaai na ander gewasse, weidings, riviere, damme of boorgate.
- Keer die leë houer om oor die spuit- of mengtenk en dreineer vir ten minste 30 sekondes na die vloei tot 'n gedrup verander het. Spoel die leë houer drie keer uit met 'n volume water gelykstaande aan minstens 10 % van die volume van die houer. Gooi die spoelwater in die spuittenk.
- Vernietig die leë houer deur gate daarin te maak en plat te druk. Moet nie die leë houer vir geen ander doel gebruik nie.
- Maak die toediener deeglik skoon met water na gebruik. Gooi die spoelwater weg waar dit nie gewasse, weiding, riviere, damme of boorgate sal besoedel nie.
- Verhoed die besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.

Weerstandswaarskuwing

TERBUTREX 500 SC is 'n groepkode 5 onkruidodder. Enige populasie van 'n spesifieke onkruid mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **TERBUTREX 500 SC** of enige ander groepkode 5 onkruidodders het. Indien hierdie onkruidodders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruidpopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende onkruid sal waarskynlik nie deur **TERBUTREX 500 SC** of enige ander groepkode 5 onkruidodders beheer word nie. Om weerstand teen onkruidodders te vertraag:

- Vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van onkruidodders met dieselfde groepkode. Wissel af met of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende onkruidoddergroepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing en biologies) in onkruidodder beheerprogramme.
- Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak u plaaslike verspreider.

GEBRUIKSAANWYSINGS:

Gebruik slegs soos aangedui.

Gebruiksbeperkings

- **TERBUTREX 500 SC** word nie op gruisgronde aanbeveel nie omdat oormatige loging op hierdie gronde mag plaasvind wat tot gewasbeskadiging mag lei.
- 'n Wagperiode van drie maande moet na 'n toediening van **TERBUTREX 500 SC** verstryk voor 'n gevoelige gewas geplant kan word.
- Saad van die gewas moet minstens 50 mm diep geplant word op gronde met minder as 20 % klei en 30 mm diep op swaarder gronde.
- Indien tenkmengsels met **TERBUTREX 500 SC** en TYLLANEX[®] 500 SC of met enige ander onkruidodders gemaak word, moet die gebruiksbeperkings van die ander onkruidodders nagekom word.

Verenigbaarheid

Die verenigbaarheid van **TERBUTREX 500 SC** met ander produkte kan beïnvloed word deur die formulاسie van daardie produkte en waterkwaliteit. Aangesien die formulاسies van produkte kan verander sonder Makhteshim-Agan se medewete en die waterkwaliteit van plaas tot plaas kan verskil, is dit altyd raadsaam om 'n fisiese verenigbaarheidstoets te doen voor bespuiting plaasvind. **TERBUTREX 500 SC** is verenigbaar met METOLACHLOR[®] 960 EC en TYLLANEX[®] 500 SC.

Meng Instruksies

Maak die spuittenk halfvol met water en voeg die benodigde hoeveelheid **TERBUTREX 500 SC** by terwyl geroer word. Vul die spuittenk met water terwyl gedurigdeur geroer word. Dit is belangrik om daarop te let dat tydens vermenging en toediening voortdurend geroer word. Die spuitmengsel moet dieselfde dag wanneer dit aangemaak is, uitgespuit word en nie toegelaat word om oornag te staan nie. Wanneer **TERBUTREX 500 SC** tenkmengsels met ander produkte gemaak word, moet hierdie produkte eers apart met water gemeng word voordat dit in die spuittenk bygevoeg word.

Toediening

TERBUTREX 500 SC moet verkieslik tydens plant maar nie later as 3 dae na plant toegedien word op 'n onkruidvrye gelyk, fyn en ferm saadbed. Toediening moet gevolg word deur 'n ligte besproeiing of aanhoudende reën (10–20 mm) om die onkruidodder in die grond in te loog. Indien 'n kors gevorm word, kan dit gebreek word met 'n ligte bewerking soos met 'n roltandeg.

TOEDIENING

Grondtoediening

TERBUTREX 500 SC kan deur middel van enige medium of hoëvolume spuitapparaat toegedien word mits dit korrek gekalibreer is en met 'n doeltreffende roermeganisme toegerus is. Dit word aanbeveel dat die spuitapparaat met platwaaierspuitpunte toegerus word wat in staat is om die spuitmengsel eweredig oor die teikengebied te versprei. 'n Spuitvolume van 200 l spuitmengsel/ha word aanbeveel.

Lugtoediening

TERBUTREX 500 SC kan deur middel van lugtoediening aangewend word deur 'n geregistreerde Lugtoedieningsoperateur wat gebruik maak van 'n korrek gekalibreerde geregistreerde vliegtuig wat volgens die instruksie van SANS 10118 (The aerial application of pesticides) bedryf word. Daar moet verseker word dat die spuitmengsel eweredig oor die teikengebied versprei word en dat die verlies aan spuitmateriaal tot 'n minimum beperk word. Dit is dus noodsaaklik dat aan die volgende kriteria voldoen word:

- Volume: Dit word aanbeveel dat 'n spuitvolume van minstens 30 l/ha gebruik word. Omdat hierdie produk nie by laer volumes ge-evalueer is nie, kan die registrasiehouer nie verantwoordelik gehou word vir enige negatiewe effek nie, sou dit teen 'n laer volume as die aanbevole volume toegedien word.
- Druppelverspreiding: 30-40 druppels/cm² moet op die teikengebied herwin word.
- Druppelgrootte: 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 350-400 mikron word aanbeveel. Die vorming van druppels met 'n VMD kleiner as 150 mikron moet tot 'n minimum beperk word.
- Vlieghoogte: Handhaaf 'n vlieghoogte van tussen 3–4 metre vanaf die teikenoppervlak tot die spuitbalk. Moet nie spuit as die vliegtuig duik, klim of draai nie.
- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat wat die geskikte druppelgrootte en verspreiding sal verskaf, maar wat 'n minimum verlies aan produk tot gevolg sal hê. Die spuitstelsel moet 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike Relatiewe Span produseer.
- Plaas al die atomiseerders in die binneste 60–75 % van die vlerkspan om te verhoed dat druppels in die vlerkpuntvortekse beweeg.
- Die verskil in temperatuur tussen die nat- en droëboltermometer van 'n swaai hygrometer, moet nie 8 °C oorskry nie.
- Staak die bespuiting indien die windspoed 15 km/uur oorskry.
- Staak bespuiting onder toestande van turbulente onstabiele, droë toestande gedurende die hitte van die dag.
- Bespuiting onder temperatuur inversietoestande (deur bo of binne die inversielaag te spuit) en/of hoë lugvogtoestande (relatiewe humiditeit 80 % en meer) mag tot die volgende probleme aanleiding gee:



Listen · Learn · Deliver

- a) Verlaagde effektiwiteit aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang (onvoldoende bedekking van teiken).
 - b) Skade aan nie-teikengewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken area.
- Verseker dat die Lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande bespuit gaan word
 - Dit is noodsaaklik om 'n versekering van die Lugbespuitingsoperateur te verkry dat aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in 'n logbook saamgevat is vir toekomstige verwysing

TOEDIENINGSHOEVEELHEDE

Erte

GROND KLEI %	TERBUTREX 500 SC ℓ/ha
0-10	2,0
11-20	2,5
21-30	3,0
31-40	4,0

TERBUTREX 500 SC en TYLLANEX® 500 SC kan ook toegedien word as 'n tenkmengsel onmiddellik na plant. Raadpleeg die TYLLANEX® 500 SC etiket vir die toepaslike **TERBUTREX 500 SC** en TYLLANEX® 500 SC dosisse. Die **TERBUTREX 500 SC** of die **TERBUTREX 500 SC** en TYLLANEX® 500 SC tenkmengsel toediening kan gevolg word deur 'n na-opkom PROMETREX® 500 SC toediening wanneer onkruid in die ware 2-4 blaarstadium is, maar nie later nie as die ware 6 blaarstadium van die erte.

Grondbone

Moet slegs in kombinasie met METOLACHLOR® 960 EC gebruik word.

GROND KLEI %	TERBUTREX 500 SC ℓ/ha	METOLACHLOR 960 EC ℓ/ha
0-10	2,0	1,5
11-20	2,5	1,5
21-30	3,0	1,5
31-40	4,0	1,5



ADAMA

Listen • Learn • Deliver

ONKRUIDE WAT BEHEER WORD

Die volgende onkruid word normaalweg deur **TERBUTREX 500 SC** beheer:

Botaniese Naam	Gewone Naam
<i>Acanthospermum australe</i>*	Agtsadige kruipsterklits
<i>Acanthospermum glabratum</i>*	Vyfsadige kruipsterklits
<i>Amaranthus hybridus</i>	Gewone misbredie
<i>Amaranthus spinosus</i>	Doringmisbredie
<i>Amaranthus thunbergii</i>	Rooimisbredie
<i>Argemone ochroleuca</i>	Meksikaanse papawer
<i>Chenopodium album</i>	Wit hondebossie
<i>Chenopodium carinatum</i>*	Groenhondebossie
<i>Cleome monophylla</i>	Enkelblaar cleome
Onkruid Vervolg	
<i>Datura ferox</i>*	Groot stinkblaar
<i>Emex australis</i>**	Kaapse dubbeltjie
<i>Fallopia convolvulus</i>	Slingerduisendknoop
<i>Flaveria bidentis</i>	Smeltersbossie
<i>Fumaria muralis</i>**	Duiwekerwel
<i>Galinsoga parviflora</i>	Knopkruid
<i>Nicandra physaloides</i>*	Basterappeliefie
<i>Polygonum aviculare</i>	Voëlduisendknoop
<i>Portulaca oleracea</i>	Porslein
<i>Tagetes minuta</i>*	Kakiebos
<i>Schkuhria pinnata</i>	Kleinkakiebos
<i>Sonchus oleraceus</i>	Sydissel
<i>Solanum nigrum</i>*	Nastergal
<i>Spergula arvensis</i>**	Sporrie
<i>Stellaria media</i>**	Sterremuur

* Hierdie onkruid sal beheer word as **TERBUTREX 500 SC** in 'n tenkmengsel met METOLACHLOR® 960 EC gebruik word. *Datura ferox*, *Schkuhria pinnata* en *Tagetes minuta* mag dalk nie altyd goed deur **TERBUTREX 500 SC** beheer word nie. Indien METOLACHLOR® 960 EC in kombinasie met **TERBUTREX 500 SC** gebruik word sal die onkruid soos wat op die metolachlor 960 EC se etiket aangedui word, ook beheer word.

** Hierdie onkruid sal alleenlik beheer word indien **TERBUTREX 500 SC** in 'n tenkmengsel met TYLLANEX® 500 SC gebruik word.



ADAMA

Listen • Learn • Deliver

PROMETREX® 500 SC (Lxxx) is die geregistreerde handelsmerk van die ADAMA GROEP.

TYLLANEX® 500 SC (L6295) is die geregistreerde handelsmerk van die ADAMA GROEP.